University of Pretoria UPeTD - Grobler, E (2006)

# DIE PROBLEME VAN MUSEALE WAARDE*

deur

MEV. K. ROODT-COETZEE,

*Kultuurhistorikus, Transvaal-Museum*

Die titel van hierdie referaat is nie volledig nie; dit behoort te wees: *Die Probleem van museale waarde met betrekking tot die kultuurhistoriese museum in Suid-Afrika.* Natuurkundige museumversamelings word hier buite beskouing gelaat en in die wye veld van die kultuurkunde word slegs die skeppinge van die Blanke in Suid-Afrika met betrekking tot die museum behandel.

In ons land word daar min oor die kultuurhistoriese museum gepraat of geskryf en ons Afrikaanse geleerdes staan betreklik skepties teenoor die wetenskaplikheid van die soort museum. Die rede waarom hierdie onderwerp dan ook gekies is, is om geesteswetenskaplikes 'n insig te probeer gee van wat 'n volwaardige kultuurhistoriese museum vir die geesteswetenskappe en vir die volk kan beteken.

Met die doel voor oë sou mens kon begin met 'n uiteensetting van beginsels van die oogmerke en funksies van museums en dan voortgaan met afleidings uit daardie beginsels. So 'n abstrakte benadering sou egter minder gepas wees vir 'n geleentheid soos hierdie en ek het besluit om die museumvoorwerp self as uitgangspunt te neem, deels ook omdat in die museum hoofsaaklik met konkrete voorwerpe gewerk word.

'n Museum kan gedefinieer word as 'n geordende versameling voorwerpe. Hoewel dit 'n definisie is wat veel van die eienskappe van die moderne museum weglaat, is dit vir die leek voldoende en bevredigend, want vir hom is die meeste voorwerpe vertoonwaardig en hulle kan in die een of ander orde ingeplaas word. Daarenteen is die kernvraagstuk vir die museumkundige: wanneer is 'n voorwerp nou geskik om in die geordende versameling opgeneem te word, m.a.w. wanneer het dit museale waarde?

Nou is dit juis hierdie aspek van die museumwese waaroor ons helderheid behoort te kry. Dit is opvallend hoe vaag en onomlyn die mening oor die museumwaardigheid van kultuurhistoriese voorwerpe by leke, by geleerdes en selfs by diegene is wat hulle beywer vir die opbou van museums en wat die rigting en beleid moet neerlê en hulle moet beheer. Die saak is nog ernstiger, want dit moet ongelukkig aanvaar word dat museumpersoneel, veral museumkundiges (wat ook vakkundiges is) nie altyd die vraag as probleem aangevoel en 'n duidelike antwoord daarop gevind het nie.

As mens baie van die kultuurhistoriese museums in ons land besoek, moet jy glo dat daar eintlik net twee maatstawwe toegepas word om museale waarde te bepaal, naamlik dat 'n voorwerp oud moet wees of snaaks. Nog onlangs het iemand wat in die afgelope jaar veel met museums te doen gehad het en aan wie se opinie die owerheid baie

* Gelewer op die vergadering van die Werkgemeenskap van Pretoria (v. d. Suid-Afrikaanse Akademie) op 27 April laaslede.

waarde heg, in 'n gesprek verklaar dat die kultuurhistoriese museum se funksie is om alle "eienaardige dinge" in die land bymekaar te maak en uit te stal. Nou moet ek erken dat daar 'n historiese rede vir hierdie opvatting is. Een van die prototipes van die moderne museum was naamlik die sewentiende- en agtiende-eeuse rariteitekabinette in Europa, waarin daar, naas natuurfratse, ook "artifakte" en veral eienaardige knutselwerkies was, of stukke wat moeisaam, met tydrowende arbeid gemaak was en wat op die een of ander raaiselagtige kunsgreep berus het.

Die grootste versamelings van die aard was in Duitsland. Een van die bekendste was die "Münchener Kunstkammer", met voorwerpe wat deur die Beierse vorste versamel is en waarvoor Maximilian I, om die jaar 1600, 'n aparte gebou van verskeie verdiepings opgerig het. Veel beroemder was die enorme versameling in Dresden, wat die Saksiese keurvorste byeengebring het. Die pronkstukke van die kunshandwerkers in diens van dié vorste het 'n hoogtepunt bereik wat sedertdien nie weer geëwenaar is nie. Daar was ivoorsnywerk; stukke uit silwer en goud met korale, robyne en smaragde beset; mosaïekwerk; voorwerpe met skilpaddop en emalje versier; fyn geslypte en gesneë glas en bergkristal; ryk gedekoreerde oorlosies met bewegende figuurtjies en musiek-voorstellings met meganies-dansende poppies. Dit alles is hoofsaaklik vanweë hulle rariteitswaarde versamel.[1]

In die Suid-Afrikaanse museum bestaan dié soort kunshandwerk uit skepies wat in 'n bottel ingebou is; uit modelle van die tweede kerk wat op Kerkplein, Pretoria, gestaan het, of van die Voortrekkermonument wat saamgestel is uit vuurhoutjies (die aantal vuurhoutjies en werkure is natuurlik 'n noodsaaklike vermelding!); eienaardige figure opgebou uit skulpe met fantastiese vorms; volstruiseier- of neutedoppe waarin patrone kunstig uitgesny is; speelgoeddosies waarvan die werking op 'n raaiselagtige kunsgreep berus en wat meesal deur die Boerekrygsgevangenes in 1900-1902 gemaak is. Verder is daar hoede van mense wat deur die weerlig getref is, en 'n naald of koeël wat iemand so of so lank in sy liggaam rondgedra het. Dit is die dinge wat baie mense verwag om in 'n kultuurhistoriese museum te sien. Eintlik benader hulle die museum in dieselfde gees as waarin hulle die kuriositeite-stalletjies by 'n sirkus besoek of waarin hulle 'n vertoning van 'n toorkunstenaar bywoon.

Die begeerte om verwonderd te wees en om wonderlike dinge te sien, is blykbaar diep in die mens se natuur ingewortel, maar as die museum sou bestaan om die publiek op hierdie manier te vermaak, sou daar geen rede vir ons geesteswetenskaplikes wees om die wetenskaplike waarde van ons kultuurhistoriese museums te erken nie en net so min rede om by die staat vir ondersteuning aan te klop.

Op enigsins hoër vlak staan die opvatting dat 'n museumvoorwerp sy waarde ontleen aan 'n assosiasie met 'n belangrike gebeurtenis of met een of ander voortreflike persoon, een by voorkeur wat in die volksgeskiedenis 'n rol gespeel het. Dit is die opvatting van die meeste museumbesoekers in Suid-Afrika en een wat ook deur die bestuur van meer as een museum onderskryf word. Meer nog, dit is die opvatting van verskeie historici.

Dit is 'n feit dat die meeste voorwerpe in ons museums in hierdie kategorie geplaas kan word. 'n Uitsondering moet hier gemaak word vir die kultuurhistoriese museums in Kaapstad. In hulle is daar min voorwerpe met 'n definitiewe assosiasie, soos byvoorbeeld die stoel waarin goewerneur Van Noodt sou gesterf het. In die ander museums in ons land is dit meestal die historiese verband wat waarde aan die artikel verleen.

University of Pretoria UPeTD - Grobler, E (2006)

So is daar in die pakkamers van die Ou Museum (die kultuurafdeling van die Transvaal-Museum in Pretoria) talle afgedraagde hoede wat op sigself geen waarde het nie, maar slegs betekenis kry omdat hulle tydens die Tweede Vryheidsoorlog deur vegtende burgers gedra is. Dieselfde geld 'n verflenterde swart handskoentjie wat keiserin Eugenie verloor het toe sy die graf van haar seun, Prins Napoleon, in Zoeloeland besoek het en na aanleiding waarvan die oorhandiger — iemand wat baie goed in geskiedenis onderleg is — gevra het dat dit op 'n spesiale ereplek vertoon moes word. Ewe gering in voorkoms en materiaal is 'n klein blikbekertjie wat ek hier vertoon, en waaruit twee Vryheidsvegters in 1881 'n sopie gedrink het voordat hulle die hange van Majuba uitgeklim het. Vir die meeste museumbesoekers is dit 'n gewaardeerde erfnis, waarvan die waarde verhoog word as die bloedbevlekte klere van een van die vegters wat daar gesneuwel het, daarby uitgestal word en as daarby vermeld word dat die oorlewende in 1900 voor die Krygsraad verskyn het omdat hy die Britse magte by Donkerhoek laat deurbreek het — ten gevolge van te veel sopies.

Dit is opvallend dat die blikkie aanvanklik meer aandag by lede van die publiek geniet as hierdie silwerbakkie (wat ook hier vertoon word) wat in ongeveer 1780 deur Daniël Heinrich Schmidt, een van die voortreflikste Kaapse silwersmede, gemaak is. Aan eersgenoemde is daar immers 'n storie verbonde, terwyl niemand weet wie die silwerbakkie laat maak het en deur wie dit gebruik is nie. Trouens, die waarde van die silwerstuk lê dan ook op 'n heeltemal ander vlak en dit kan eers gewaardeer word nadat die kultuurhistorikus dit vir die besoeker verklaar en geïnterpreteer het.

In 'n museum waar die beleid van insameling en keuring op historiese assosiasie gegrond is, sou 'n voorwerp soos die goue snuifdoos van P. E. Roubaix, lid van die Uitvoerende Komitee van die Verteenwoordigende Regering aan die Kaap, 1872, 'n uiters gesogte besit wees, (as dit opgespoor kan word) nie vanweë sy intrinsieke kosbaarheid nie maar omdat die vervanging van "Verteenwoordigende" deur "Verantwoordelike Regering" uitsluitlik van die snuifdoos afgehang het.[2]

Die belangrike historiese rol van die snuifdoos word erken; ook dat dit 'n hoë kunsgehalte en intrinsieke waarde gehad het en vir enige kultuurmuseum sal dit 'n belangrike aanwins wees. Tog is daar talle minder kosbare oudhede met veel geringer estetiese en assosiatiewe kwaliteite wat vir die kultuurhistoriese museumkudige van net soveel, indien nie van nog meer, belang is nie.

Die algemene publiek soek egter na voorwerpe met so 'n historiese verband en as daar 'n enigsins sensasionele gebeurtenis aan verbonde is, lok dit soveel meer besoekers. Daarom kyk hulle graag na die klere wat van genl. C. F. Beyers se lyk afgesny is nadat dit uit die Vaalrivier opgediep was, en hulle soek na die stoel waarop dr. Verwoerd gesit het toe 'n aanslag op sy lewe gemaak is, en na die balk waaraan die Slagtersnek-Rebelle opgehang is.

Uit die gevoel dat die waarde van 'n voorwerp afhang van sy verband met 'n historiese gebeurtenis of persoon, moet waarskynlik verklaar word waarom baie skenkers van Voortrekkerkappies die versekering gee dat hulle in die Slag van Bloedrivier gedra is — ofskoon daar geen enkele vrou by Bloedrivier was nie —; waarom die meeste harde, stinkhoutstoele met 'n enkele knipmes gemaak is of slegs met 'n handbyltjie, en waarom oudhede wat aan mense met Franse vanne behoort, juis die vlugtog van

University of Pretoria UPeTD - Grobler, E (2006)

die Hugenote uit Frankryk meegemaak het.

Hierdie gevoel kan soms ook daartoe lei dat 'n assosiasie versin word. So moes lord Montgomery by 'n besoek aan die museum in die Voortrekkermonument hoor dat die gate in die seil van die kakebeenwa deur assegaaisteke veroorsaak is in die loop van 'n geveg gedurende die Groot Trek, en die wa het sommer daar en dan 'n fiktiewe naam gekry: Die Liebenbergwa. In werklikheid is net die onderstel van hierdie wa outentiek en die res is later gemaak. Enige persoon met 'n klein bietjie kennis van houtwerk kan selfs deur die glas die sirkelsaagmerke in die hout van die bodeel van die wa sien en die sirkelsaag is eers in ongeveer 1880 gepatenteer.

Omdat die assosiasies en nie die estetiese of intrinsieke of enige ander waarde nie by hierdie voorwerpe op die voorgrond staan, is die museumamptenaar baie afhanklik van die gegewens wat die skenkers verskaf en daardie gegewens berus maar alte dikwels op geheue of op tradisie, en die is dikwels foutief en kan moeilik gekontroleer word. Hoe kan dit bo alle twyfel bepaal word of die handskoentjie werklik deur keiserin Eugenie en nie deur iemand anders gedra is nie, en of die onderbaadjie met die koeëlgat werklik die is wat generaal Beyers op sy laaste dag aangehad het en nie afkomstig is van iemand wat in 1900 gesneuwel het nie? Dit is duidelik dat waar voorwerpe ter wille van assosiatiewe waarde ingesamel word, uiters noukeurig ondersoek ingestel moet word. 'n Geval van die aard is dat al seker 'n halfdosyn orreltjies en eettafels van pres. Kruger aan die Krugerhuis-museum te koop aangebied is en elke verkoper is oortuig dat hy die regte meubelstuk het.

Verwant aan die histories-assosiatiewe gedagte is 'n ouer opvatting dat daar van sekere voorwerpe 'n wonderlike krag uitgaan, wat veranderinge in die beskouer of sy lewe teweeg kan bring. Dit is hierdie oortuiging wat daartoe gelei het dat in Europa in katedrale en kapelle relikwieë van heiliges bewaar en vertoon word. Miskien is dit hierdie selfde gedagte wat hom in Suid-Afrika openbaar in die versameling en vertoning van voorwerpe wat herinner aan die lye van ons volk. Bloedbevlekte onderbaadjies, 'n boekie wat 'n koeël afgeweer het, gewere, oorlogsklere, die pen waarmee die Vrede van Vereeniging onderteken is — dit is die voorwerpe waarna baie besoekers as 't ware 'n pelgrimstog onderneem en wat hulle op gereelde tye kom bekyk, omdat hulle op nasionale gebied daardeur geïnspireer raak.

Uitstallings van stukke met so 'n histories-assosiatiewe waarde kan geregverdig word omdat hulle piëteit en patriotisme bevorder, en inderdaad kan hulle opvoedkundig wees omdat hulle 'n sekere besef skep van die realiteit van die verlede: die historiese figure het in dieselfde wêreld gelewe as die waarin ons lewe; hulle dade en lye is reëel.

Dit is duidelik dat baie van hierdie soort voorwerpe, ontbloot van hulle historiese verband, geen ander kwaliteite het wat hulle bestaansreg in 'n museum kan regverdig nie. Indien 'n museum hom dus uitsluitlik sou toelê op die versameling van voorwerpe met assosiatiewe waarde, kan daar weinig sprake wees van diens aan die wetenskap.

Veel minder naïef is die benadering van die privaatversamelaar wie se versameling dikwels die *nucleus* van 'n nuwe museum vorm, of uiteindelik in 'n bestaande museum beland. Daar is die versamelaar wat sonder onderskeid voorwerpe van allerlei aard, uit alle periodes of kulture bymekaarbring. Ons land het 'n paar mooi voorbeelde van die aard: een op Laingsburg, die dorpsmuseum van Beaufort-Wes, die A.T.K.V.-versameling op

University of Pretoria UPeTD - Grobler, E (2006)

Hartenbos, om net 'n paar te noem. Daar is ander versamelaars wat hulself op 'n enkele tema toelê, soos resepte en rate, pype, lugposbriewe, spotprente (en dan dikwels net van een tekenaar), posseëls, munte, medaljes, e.d.m. Ons het in Afrikaans eintlik nie 'n term waarmee hierdie mense so spesifiek aangedui word soos met die Engelse term "Collector", of waarmee die stukke wat hulle versamel so ondubbelsinnig aangedui word as met "Collector's items" nie.

Gelukkig is daar ook die kenner of "connoisseur" as versamelaar, en hier het ons te doen met iemand met 'n diepgaande kennis van kuns en kunshandwerk, wat met smaak en die strengste oordeel stukke uitsoek en 'n kosbare versameling opbou. Ek moet hier melding maak van die unieke versameling Kaapse silwer wat die Ou Museum van dr. F. C. L. Bosman gekry het.

Die meeste versamelaars heg tog nog 'n ander waarde aan hulle stukke as wat die kultuurhistoriese museumkundige daaraan heg. Hulle versamel die stukke omdat hulle uniek is of omdat hulle nodig is om 'n stel of reeks te voltooi, en dikwels speel die aansien wat die versamelaar deur die besit van sulke voorwerpe kry, hierby ook 'n rol. Hulle is geneig om die museum te sien as 'n plek waarin reekse voorwerpversamelings byeengebring is en hulle verwag dat die museumkundige 'n kenner moet wees wat hulle van advies moet dien, wat die stukke vir hulle kan identifiseer, dateer en veral waardeer ten opsigte van die geldwaarde daarvan. Nou ontbreek dit nie aan museumkundiges wat met hierdie opvatting saamgaan en wat binne die raamwerk van die museum blote versamelaarsneigings botvier nie. Daar word dan eindelose reekse medaljes, seëls, munte en medaljons byeengebring, of daar word probeer om 'n volledige reeks van skooldrag-uniforms te versamel (sonder om aan ander kostume te dink), of die museum lê hom daarop toe om voorwerpe met assosiasies ten opsigte van 'n enkele sendeling (byvoorbeeld Lindley) op te spoor. Dié soort uitstallings is fragmentaries, sonder 'n bindende leidraad wat die reekse in 'n groter verband laat sien.

Die opvatting dat die werk van die museum hierin bestaan, is trouens die moeilikste wanbegrip om aan die kaak te stel en een wat die kultuurhistoriese museumkundige die meeste hoofbrekens gee. Waar steun vir die kultuurhistoriese museum gevra word, stuit mens dikwels op die geamuseerde verset van persone wat dink dat jy net 'n liefhebbery wil bevorder op owerheidskoste.

Daar is egter een soort versamelaar met wie die kultuurhistoriese museumkundige baie goed klaarkom. Dit is die persoon wat met wetenskaplike oogmerke 'n bepaalde soort voorwerp versamel. 'n Oudheid is vir die soort versamelaar in die eerste plek van belang om sy dokumentêre waarde. Dit gaan met ander woorde nie oor intrinsieke kosbaarheid of oor assosiasies nie, ook nie oor die estetiese waarde as sodanig nie. Dit gaan hoofsaaklik oor die waarde van die voorwerp as bewysstuk, as getuienis oor die kultuur, die tegniek en die bedrewenheid van 'n periode of 'n vervaardiger. Wanneer versamelings van hierdie aard in die museum opgeneem word, sal dit dikwels tot sy waardevolste besit behoort. In ons land kan verwys word na die Alfred De Passe-versameling wat in Groot Constantia opgeneem is; na die stukke wat wyle dr. W. F. Purcell, die groot vriend van mev. De Wet, versamel het en wat gedeeltelik in die Koopmans-de Wet-huis beland het; na die William Fehr-versameling wat tans in die Museum in die Kasteel gehuisves word en na 'n deel van die versameling van mev. M. M. Jansen, wat betekenis en status aan die

University of Pretoria UPeTD - Grobler, E (2006)

Kultuurhistoriese Afdeling van die Ou Museum gee.

Hiermee het ons gekom tot die eerste positiewe kriterium van museale waarde, naamlik die betekenis van 'n voorwerp as uitdrukking van die menslike gees. Of dit kuriositeitswaarde of assosiatiewe waarde of versamelaarswaarde het, is van bykomstige belang. Of dit uniek is, of kosbaar, of esteties hoogstaande, is vir die museumkundige van sekondêre betekenis. Primêr is: wat kan ons daaruit aflei omtrent die mense wat dit gemaak en gebruik het, omtrent hulle lewenspatrone en hulle lewenshouding, hulle herkoms en hulle skeppingsvermoë? Hierdie soort voorwerpe vorm die studiemateriaal waardeur die kulturele lewe, die groei en ontwikkeling van alle menslike wesens in Suid-Afrika nagegaan kan word, van die oertyd tot vandag. Dit moet aantoon hoe die mens in die omstandighede waaronder hy geleef het, deur sy vernuf middele en werktuie gevind het om in sy behoeftes te voorsien. Dit moet lig werp op sy pogings om 'n dak oor sy hoof te hê, vanaf die grot van die vroegste inwoners tot by die modernste wolkekrabber van sintetiese materiaal. Alles in en om hierdie woonplekke waaruit die struktuur van die mense se sosiale lewe kan blyk, moet versamel en vertoon word.

Om ons in besonder te bepaal by die blanke kultuurgroepe in Suid-Afrika, sal daar in die museum die voorwerpe versamel word wat ons meedeel hoe die lewe in die lande van herkoms van die betrokke groepe was in die tyd toe hulle na hierdie nuwe vaderland gekom het, en veral die lewe van die sosiale laag waaruit hulle gestam het. As mens weet wat om te soek, sal die reste van die Europese opper- en volkskultuur wat hier ter sake is, nog hier en daar in ons land te vinde wees. Verder is daar die soort voorwerp wat die aanpassing van die Wes-Europeër in Suid-Afrika, met sy veranderde omstandighede, uitbeeld. As voorbeeld kan genoem word die "kapstyl"-huis, wat vandag nog aangetref word in streke soos Vredendal in Suid-Namakwaland en by Vermaaklikheid naby Albertinia. Dit is wonings wat maar effens afwyk van 'n tipe woning wat in Wes-Europa reeds voor die geboorte van Christus gebou is, maar daar in so 'n mate verdwyn het dat 'n outentieke huis nie meer vir 'n opelugmuseum gevind kan word nie, terwyl dit nog in enkele streke in ons land gebou word.

Hier by ons is ook 'n variant van die tipe wat herinner aan die Duitse "Ständer-Häuser" maar wat net kleiner is as die Duitse prototipe, omdat die Boere nie nodig gehad het om hulle vee onder dieselfde dak te huisves nie. Ook die soort voorwerp moet versamel word wat op eie bodem ontstaan het en wat in die veranderde lewenspatroon, en deur die nuwe geografiese omstandighede 'n eie vorm verkry het. Daar is verder ook die voorwerpe wat getuienis aflê van die wisselwerking tussen Blanke- en Nie-Blanke-kulture en 'n mooier voorbeeld kan nie gevind word nie as die matjieshuis van Namakwaland, waarvan die byekorfvorm later deur die Boer in klip en klei gebou is.

By die insameling van hierdie materiaal wat dien as dokumente van hulle tyd, word dus nie in eerste instansie gevra na die estetiese aard, of die seldsaamheid of verband met 'n historiese gebeurtenis of persoon nie. Of hulle skoon of minder skoon is, kom nie meer in oorweging soos dit vroeër die geval was nie. Hierdie nuwe opvatting blyk die duidelikste in die kultuurhistoriese museum, die "National Museet", Kopenhagen. Vroeër het hierdie museum sy stylkameruitstallings beperk tot die weer-

University of Pretoria UPeTD - Grobler, E (2006)

gawe van die lewe van die hoëre sosiale kringe in verskillende kultuurperiodes. Slegs die mooiste en kosbaarste voortbrengsels van die kunshandwerk van die Renaissance, die Barok en die Rokoko is vertoon: Wandtapyte van sy en vlas, met voorstellings van 111 Deense konings[3], mure met panele in nagebootste Sjinese rooi lakwerk; silwer- en goue voorwerpe en gesneë glaswerk; borduur- en kantwerk; kleinskulptuur in ivoor; kunskabinette versier met skilpaddop, goud en perlemoer; meubels beklee met dekoratiewe goudleer en Vlaamse weefstowwe.

Vandag is, naas hierdie weelde-vertonings, die powerste tweekamervissershutjie van 'n enkele paar voet in die vierkant, skrynend in sy armoede, die tuiste van 'n egpaar met hulle talryke kroos. Want dit was die werklike lewe. Die "Kunstkamer", met sy rariteite en vorstelike weelde, moes 'n ontwikkeling van drie, vier eeue deurmaak om tot die stand van vandag te kom, naamlik dat die kultuurhistoriese museum 'n lewensgetroue, wetenskaplike weergawe van die verlede wil wees.

Dit is duidelik dat eers dan, wanneer die museum hierdie beleid handhaaf, hy werklik in staat sal wees om 'n bydrae aan die kultuurwetenskap te lewer. Maar dit vereis 'n begrip van hierdie taak by die museumkundige. Waar dit ontbreek, en hy ook nie oor die nodige kultuurhistoriese kennis en insig beskik om die dokumentêre waarde van stukke te herken nie, word die klem baie maklik op die bykomstige elemente, soos kuriositeit, assosiasie, skoonheid, e.d.m. gelê. Dit is dan waarskynlik ook die rede waarom soveel Suid-Afrikaanse museums hulle aandag op hierdie sekondêre faktore toespits en die besoeker weinig anders in die museum sien as 'n versameling eienaardige dinge en dinge met assosiasies.

Om dokumentêre waarde te bepaal, vereis 'n kritiese benadering. Ek wil in dié verband net op een sy daarvan wys, naamlik op die beoordeling van die egtheid en originaliteit van stukke. Enige museum verkies natuurlik stukke wat origineel en eg is, maar kan in uitsonderlike gevalle volstaan met kopieë mits hulle getroue weergawes van die oorspronklikes is en hulle geskiedenis bekend is. In Europese museums word Oud-Germaanse kledingstukke wat opgegrawe is, dikwels oorgeweef en die originele stukke wat uitmekaar val, word weggepak.

In sommige gevalle is dit nie maklik om tussen die originele en die kopie te onderskei nie, veral wanneer die kopie as outentiek aangebied word, soos so dikwels met skilderye in Europese museums gebeur. In Europa moet die museumkundige trouens ook versigtig wees by die aanskaf van meubels, keramiek en metaalwerk, en daar bestaan verbasende praktyke hoe om stukke te vervals. In Suid-Afrikaanse museums weet ek net van een tipe voorwerp wat vervals is — en dit nogal glas, wat nie een van die makliks bewerkbare media is nie. In 1938 is verskeie stukke V.O.C.-glas te koop aangebied, wat deur die fatsoen, dekorasie en wielgravering, met die V.O.C.-monogram en 'n paslike spreuk, op die leek die indruk van egtheid moes maak. Verskeie versamelaars het van die stukke, wat vervalsings was, gekoop. U sal besef dat dit 'n hoë mate van kennis van materiale soos tekstiel, glas, keramiek, metaal, hout, en van vervaardigingsmetodes en die merke wat outentieke gereedskappe op die stowwe gelaat het, vereis om te onderskei tussen die egte voorwerp en die vervalsing.

Die probleem van vervalsing raak die museum nog in 'n ander opsig, naamlik die van in hoeverre 'n voorwerp herstel kan word sonder om sy dokumentêre waarde aan te tas. In Europa sal in 'n skulptuur-afdeling van 'n museum nie eers oorweeg word om 'n ontbrekende deel van 'n

University of Pretoria UPeTD - Grobler, E (2006)

houtbeeld wat uit een of ander kerk afkomstig is, aan te las nie. Tog word dit as geregverdig beskou om dit by 'n meubelstuk te doen, mits dit op 'n verantwoordelike wyse geskied. In Europese museums is restourasie so 'n belangrike deel van die museum se werksaamhede dat meer as een meester-restourateur 'n professorale betrekking aan 'n universiteit beklee of vroeër beklee het — gewoonlik in die departement Chemie. In Denemarke, met 'n bevolking van vier en 'n halfmiljoen, het een museum, die "National Museet" in Kopenhagen, alleen 55 restourateurs op die personeel. In die hele Suid-Afrika was daar tot onlangs slegs een museum, die Ou Museum in Pretoria, met een restourateur op die personeel. Die neiging is hier alte veel om 'n stuk te laat in die toestand waarin dit gevind is, hoe verwaarloos en onvolledig ook al. Die regverdiging van herstel van oudhede is dat dit wenslik is om 'n voorwerp te laat sien soos sy makers en gebruikers dit gesien het, en nie in 'n vervalle en gebroke toestand nie. Eers dan kan die voorwerp werklik getuig en help om 'n beeld van die kultuur te skep.

Die vraag van restourasie is egter so 'n gespesialiseerde, museum-tegniese aangeleentheid dat ons hier nie verder daarop kan ingaan nie.

Daar is egter nog 'n ander regverdiging van restourasie wat nie in eerste instansie met dokumentêre waarde te doen het nie, maar met demonstrasiewaarde. Daarmee het ons gekom tot 'n tweede kriterium van museale waarde, naamlik die betekenis van 'n voorwerp as 'n vertoonstuk aan die publiek, en sy bruikbaarheid as verteenwoordigende voorbeeld van die handewerk of kuns wat in 'n kultuuromgewing ontstaan het. Die opvoedkundige of vertoonwaarde van 'n stuk is beslis 'n belangrike sy van sy museale waarde. Die kultuurwetenskaplike moet hierop let, want hy het nie slegs 'n plig teenoor die wetenskap nie maar ook teenoor die volk vir wie hy uitstal. Nie alle voorwerpe wat vir die wetenskaplike van belang is vanweë hulle dokumentêre waarde, is noodwendig die geskikste vertoonstukke nie. As medium van onderwys en sosiale opvoeding is dit die taak van die museum om in sy uitstallings 'n beeld te skep van kultuur, van vreemde kultuur sowel as van eie kultuur. Die kind, die student en die volwassene as belangstellende leek, moet in die museum die geleentheid kry om hom in te leef in die onmiddellike werklikheid van 'n periode van sy eie kultuur, of van 'n vreemde kultuur. Of iets mooi is of nie; of dit kosbaar is of sonder geldwaarde, dit word versamel as dit uitgestal kan word, om daarmee 'n vervloë tyd te rekonstrueer. Die museum is wat dit betref 'n driedimensionele plate-album.

'n Goed georganiseerde museum stal slegs 'n klein deeltjie uit van wat hy besit. Die grootste gros van sy materiaal is in die studie-afdeling, wat vir navorsers toeganklik is. Ongelukkig sit elke museum nog met 'n derde afdeling opgeskeep, naamlik met materiaal wat feitlik geen dokumentêre waarde en hoegenaamd geen demonstrasiewaarde het nie, maar wat nogtans uit piëteitsoorweging bewaar moet word. Orals word egter probeer om die soort stof soveel moontlik te beperk. Meestal het 'n museum nog 'n kleiner afdeling, vir die bewaring van stukke met 'n hoë intrinsieke waarde en stukke wat te broos is om aan lig en lug blootgestel te word.

Dit is bewys dat die demonstrasiewaarde van stukke gedeeltelik verlore gaan as te veel voorwerpe bymekaar uitgestal word. In Europa is selfs die mening uitgespreek dat die bombardering van die museums daar nie

University of Pretoria UPeTD - Grobler, E (2006)

'n ongemengde ramp was nie, omdat dit die toepassing van nuwe uitstalmetodes moontlik gemaak het, selfs al is daar veel verloor. Een van die grootste besware teen sommige plaaslike museums is dat hulle in hulle gretigheid om alles wat hulle besit, uit te stal, soms blote opstapelplekke word wat herinner aan 'n groterige pandjieswinkel.

Daarenteen word die demonstrasiewaarde van stukke verhoog deur hulle in een of ander sisteem te vertoon. Hierdie sisteem kan 'n blote chronologiese opeenvolging wees of 'n ontwikkelingsreeks. Die ondervinding leer egter dat die orde wat die duidelikste spreek, dié is wat met outentieke voorwerpe 'n rekonstruksie gee van 'n deel van die kultuurlewe. Gewoonlik neem dit die vorm van 'n stylkamer aan waar byeenhorende voorwerpe in lewende verband met mekaar gebring word. In Suid-Afrika is daar een so 'n poging, naamlik in die Voortrekkermonument-museum.

As 'n uitstalling werklik opvoedkundige waarde moet hê, vereis dit van die museumkundige aanvoeling en estetiese insig, en 'n wetenskaplike kennis wat tot in die fynste besonderhede strek. Die uitstalling moet gesien word as 'n mededeling van kennis en stel nie minder hoë eise nie as die skryf van 'n wetenskaplike monografie.

Ek hoop dat ek met die bespreking van die valse waardes wat sommige lede van die publiek, en selfs geesteswetenskaplikes en museumkundiges, aan oudhede toedig, kon bydra tot die opruiming van 'n paar wanbegrippe en dat ek deur die aandag te bepaal by die demonstrasie- en dokumentêre waarde, in 'n mate daarin geslaag het om aan te toon dat die kultuurhistoriese museum 'n belangrike plek het, en kan hê in die navorsingsarbeid van die geesteswetenskaplikes, en ook in die opvoeding van kinders en volwassenes. Wat laasgenoemde betref, wil ek nog dit toevoeg. Die museum spreek deur sy uitstallings, maar kan sy boodskap nie volledig daardeur oorbring nie. Dit is noodsaaklik dat daar ook toeligting moet wees, en dat die toeligting verstrek word deur persone wat daartoe bevoeg is deurdat hulle studie van kultuurgeskiedenis gemaak het en die werk van die museum uit ondervinding ken. In Suid-Afrikaanse museums is daar meesal geen voorligting nie en waar dit tog gegee word, word dit toevertrou aan onopgeleide persone.

Die gebrek aan opgeleide gidse vir besoekers en skoolkinders is in die natuurwetenskaplike afdelings van die vier staatsondersteunde museums: Die Transvaal-Museum, Pretoria; Die Nasionale Museum, Bloemfontein; Die Suid-Afrikaanse Museum, Kaapstad en die Natal-Museum, Pietermaritzburg, net so groot as in hulle kultuurhistoriese afdelings maar wat navorsing betref, het die natuurwetenskappe 'n geweldige voorsprong. Hierdie afdelings het hulle huidige posisie en aansien hoofsaaklik te danke aan die omstandigheid dat ons hele museumwese vir meer as 'n halfeeu onder die leiding van natuurwetenskaplikes staan. Van al vier hierdie museums is die direkteurs dierkundiges. Hoewel hierdie museums onderskeidelik in 1892, 1877, 1825 en 1903 tot stand gekom het en in 1962 gesamentlik 19 vakkundiges in die natuurwetenskaplike afdelings gehad het, is daar nog maar slegs één enkele opgeleide kultuurhistorikus.

Hierdie vier museums het daarin geslaag om die belangstelling en aktiewe medewerking van natuurwetenskaplikes aan ons universiteite en navorsingsinrigtings te kry en hulle afdelings uit te bou tot institute waar belangrike natuurwetenskaplike ondersoek gedoen word. Sommige van hierdie museums lê soveel klem op navorsing dat dit die natuuruitstallings ver oorskadu maar, eienaardig genoeg, het elkeen van die

University of Pretoria UPeTD - Grobler, E (2006)

museums uitstallings van kultuurhistoriese voorwerpe omdat besef word dat hierdie voorwerpe vanweë hulle kuriositeits- en assosiatiewe waarde, 'n goeie lokmiddel vir besoekers is, en hierdeur word die valse indruk geskep dat kultuurvoorwerpe hulle nie leen tot wetenskaplike navorsing nie. Die verbasende is dat daar Afrikaanse geesteswetenskaplikes is wat hierdie opvatting onderskryf.

As die kultuurhistoriese museum nou hierdie agterstand teenoor die natuurmuseum, wat navorsing betref, wil inhaal, is dit nodig dat die owerheid en ons geleerdes 'n duidelike insig in die taak en funksie van die kultuurmuseum moet kry en hom moet help om dit uit te voer. Tot op die huidige tydstip kon die kultuurhistoriese personeel nog nie daarin slaag om enige navorsingsfasiliteite of -toelae te ontvang nie.

Daar is egter nog 'n rede waarom die kultuurhistoriese museum in 'n hoë mate deur die Afrikaanse geesteswetenskaplike misken is. Dit lê in die aard van die kultuurstryd wat die Afrikaner vir 'n groot gedeelte van die eeu besig gehou het. Dit het gegaan om erkenning van sy taal en om die opbou van 'n eie letterkunde. Dit het daartoe gelei dat ons byna gewoond geword het om kultuur en taal te vereenselwig en daarby vergeet het, of nooit besef het nie, dat ons volk sy eienaard ook op ander maniere tot uiting gebring het. In 'n mate het die beeldende kuns reeds erkenning verkry, maar dit word nog nie ingesien nie dat die Afrikaner op ander gebiede, soos in sy meubelkuns, die edelsmedery en volksargitektuur, hoog gepresteer het en dat hierdie skeppinge as uitinge van die volksaard ewe belangrik is as dié op taal- en letterkundige gebied.

Die Wonder van Afrikaans het geskied en die tyd het sekerlik nou aangebreek dat ons stryd en strewe 'n nuwe oriëntasie vereis. Ons moet bereid wees om, soos ons die werke van 'n Vondel of Rubens, met hulle ryk komposisie en vol beweging, as uitinge van die Barok sien, so ook Afrikaanse skeppinge soos die versierde preekstoel in die Groote Kerk of die woning "Rust en Vrede" in Buitekantstraat, Kaapstad, of die klein silwerbakkie van Daniël Schmidt as dokumente van dieselfde kultuurfase, die Prag-en-Praaltyd, te sien.

In hierdie oorsig oor die wantoestand in ons museums dring die vraag homself na vore of die feit dat die kultuurgoedere wat ingesamel is nadat pres. Kruger in 1892 die museum in Pretoria hoofsaaklik as historiese museum gestig het, en wat sedert 1900 tot 1953 in kelders en pakkamers weggeberg was, uitsluitlik aan natuurwetenskaplik-georiënteerde beheer en beleid gewyt moet word?

Is die kultuurleiers onder ons Afrikaanse geesteswetenskaplikes heeltemal vry te pleit daarvan dat die eerste persoon wat aangestel is om kultuurhistoriesvakkundige, d.w.s. ook wetenskaplike werk in die Ou Museum te doen, 'n gepensioneerde opsigter was ('n oud-kadet met slegs 'n std. 6-skoolopleiding), terwyl gegradueerdes in Kultuurgeskiedenis tevergeefs na geleentheid gesoek het om hulle wetenskap te beoefen?

As die wetenskaplike aard van die museum dan nie aanvaar was nie, moes daar tog piëteit gewees het vir die onderneming wat pres. Kruger met soveel vertroue en hoë verwagting begin het.

Laat ons hoop dat die geslagte wat kom die wantoestand van die kultuurhistoriese museums in ons land nie gedeeltelik gaan soek nie in die sydige kultuurbeskouing van ons Afrikaanse geleerdes in die eerste helfte van hierdie eeu. Dit is tyd dat die Afrikaner nugter en met kennis oortuig word van die prestasies van die geslagte voor hom en dat daar nie net gevoelvol oor onbekende skepping gepraat word nie. Hy moet dit

University of Pretoria UPeTD - Grobler, E (2006)

aanskou. In geen ander inrigting kan dit so doeltreffend as in die museum geskied nie. In Europa is bewys dat die kultuurmuseum 'n magtige opvoedkundige krag is en ons behoort dit in Suid-Afrika ook in te span. Maar daarvoor het ons hulp nodig — van die owerheid en van u, die Afrikaanse geleerdes.

Dat hierdie onderwerp vanaand in 'n Werkkring van die Akademie bespreek word, bewys u belangstelling. Nou gebeur dit nie elke dag dat mens die geleentheid kry om voor so 'n illustere gehoor op te tree nie, en om hulp en medewerking vir jou hoogste ambisie te vra nie. Daarom is my slotwoord: help die kultuurhistoriese museum in Suid-Afrika daadwerklik deur sy materiaal te bestudeer; deur ontbrekende stukke te help insamel; deur die inhoud van die museum te help bekend stel; deur by die owerheid aan te dring om ons geldelik in staat te stel om dié diens aan die wetenskap en die opvoeding te bring waarvoor die museum bestem is om as middel te dien.

1 'n Gedeelte van die voorwerpe in August die Sterke (Keurvors van Sakse, 1694-1733) se versameling word soos volg beskrywe:
"Nicht nur kostbare Kannen und Gefäsze wurden mit reicher Reliefarbeit verziert, nicht nur ganze Figuren ausgeführt, sondern auch hier liebte man die Künsteleien, zu denen diese Technik reiche Gelegenheit bot. So sah man einen Ständer mit einer Kugel, die jeden Augenblick herunterzufallen drohte, ineinander gearbeite Kugeln mit Oeffnungen, durch die jeweils die kleinere sichtbar wurde, bis in die kleinsten das Reliefporträt eines Kurfürsten eingeschlossen war. Dann wieder genossen besonderen Ruf Ketten mit vielen ineinandergefügten Gliedern, die alle aus einem Stück gearbeitet waren, ein Becher, der hundert andere enthielt, ein Arrangement von einem Dutzend Spinnrädchen und einer Kutsche, die alle zusammen auf der Fläche eines sächsischen Pfennigs Platz hatten. Solche minutiösen Spielereien werden in allen Beschreibungen erwähnt". Valentin Scherer, *Deutsche Museen;* Jena. 1913; p. 24.

2 Maurice Green, "An Historic Epic Snuff-box". *Africana Notes and News,* 6 : 62—64 (Junie 1949), waarin verwys word na René Juta, *"The Cape Penincula"*, 1910, p. 93 en Ralph Kilpin, *"The Romance of a Colonial Parliament"*, 1930, p. 95.
In 1872 is 'n wetsontwerp in die Kaapse Parlement ingedien dat Verteenwoordigende Regering deur Verantwoordelike Regering vervang moes word. In die Hoër Huis sou die nuwe vorm moontlik met slegs één stem wen, en ondersteuners van die bestaande vorm het pogings aangewend om ten minste een lid van die Hoër Huis te verhinder om te stem, naamlik die heer P. E. de Roubaix. Volgens 'n petisie van ene R. W. Murray sou De Roubaix nie voldoen het nie aan die vereiste dat elke lid van die Hoër Huis roerende goedere van ten minste £2,000 moes besit. De Roubaix se finansiële posisie was in 'n benarde toestand, maar sy vriende ontdek in sy besit 'n goue snuifdoos wat die Sultan van Turkye aan De Roubaix, wat eens Konsul-generaal vir Turkye was, geskenk het. Hierdie snuifdoos van goud en emalje was beset met diamante, robyne en smaragde, dit was versier met blare en kloue in goud uitgesny en binne-in was miniatuurtonele van Konstantinopel en die Bosphorus.
'n Gekose Komitee wat De Roubaix se sake moes ondersoek, het die snuifdoos deur 'n Kaapse juwelier, G. Boettger, laat waardeer, wat die waarde op £3,000 gestel het, en deur 'n Kaapse diamanthandelaar, M. Joseph, wat dit op £630.3.6 gestel en verklaar het "for which price I would be glad to make such a box and would allow a handsome discount".
Die Gekose Komitee het egter meer waarde aan Boettger se waardasie geheg en De Roubaix se snuifdoos was die beslissende faktor dat Verantwoordelike Regering in die Kaap ingevoer is.

3 Nationalmuseet, Kopenhagen.
*Middelalder og nyere Tid,* 1946; p. 74.
Hierdie III Deense konings sluit ook in die legandariese konings deur Saxo Grammaticus genoem in sy *Gesta Danorum.*